

# Die Stem van die Martelare

Oktober 2024

## DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO

Na die Slagting

Uit die Vlamme Gered

"Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is." Heb 13:3




***Markus 10:13-16 – AFR53***

*13. EN hulle het kindertjies na Hom gebring, dat Hy hulle kon aanraak; en die dissipels het die wat hulle gebring het, bestraf. 14. Maar toe Jesus dit sien, het Hy hulle dit baie kwalik geneem en vir hulle gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God. 15. Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie. 16. En Hy het sy arms om hulle geslaan, sy hande op hulle gelê en hulle geseën.*



# “Ek dra julle in my hart”

Byeenkomste van Christene is ‘n voorskou van die hemel, waar ons met mekaar en ons Here tot in alle ewigheid sal woon. Ons het gekom om waardering te toon vir die diepte, skoonheid en wysheid van die apostel Paulus se stelling in Filippense 1:7, waar hy vir ander Gelowiges sê: “Ek dra julle in my hart.”

In die Skrif word die frase “in ons harte” gebruik met verwysing na ons belangrikste verbintenisse, doelwitte en oortuigings. Ons mees diepgewortelde waardes moet “stewig” in ons harte “gevestig” wees (1 Korinthiërs 7:37). Terwyl ons probeer om mekaar te verstaan, word ons aangemoedig om te fokus op wat “in die hart” is, in teenstelling met wêreldse mense wat “op uiterlike voorkoms roem” (2 Korinthiërs 5:12). Die Apostel Paulus verduidelik in Romeine 10:8 dat “die woord van geloof in jou hart” is as jy ‘n Gelowige is, terwyl mense wat God weerstaan en verwerp “met hulle hart afdwaal” (Hebreërs 3:10).

Ons primêre belange is om Christus op die troon te plaas in ons harte en as ware Gelowiges word ons deur die inwonende Heilige Gees bemagtig om God deur geloof in Christus te aanbid en te dien. Ons harte is ‘n woning – inderdaad ‘n tempel – van God se Gees. Maar Paulus se woorde in Filippense 1:7 leer ons dat nie net God bedoel is om hierdie plek te beset nie. Christus leer ons om ander Gelowiges so diep lief te hê dat ons moet strewe om te pas by die liefde wat Hy vir ons het (Johannes 13:34) en, verstommend, om die liefde te reflekteer wat tussen lede van die Drie-eenheid (Johannes 17:11) bestaan.

Ons doel met hierdie maand se nuusbrief is om ‘n manier te bied vir jou om Kimboti en haar kinders in jou hart te hou. In die res van Filippense 1:7, verduidelik Paulus dat die mede-Christene wat hy in sy hart hou, “deelagtig” is in beide sy vervolging en in sy Evangeliewerk. Ek bid dat hierdie nuusbrief ‘n bemoediging sal wees om daardie soort verhouding tussen Gelowiges regoor die wêreld en diegene wat vandag in die DRK ly, te bewerkstellig. Terwyl ons in hulle lyding deel, sal ons ook in die vreugde van hul ewige betekenisvolle oorwinnings deel.

Ashley

***Op die voorblad:** Kimboti het gedink sy en haar kinders sou vermoor word nadat Islamiete haar hande vasgebind het en hulle diep in die oerwoud ingedwing het.*

***Bid asseblief oor skenking aan die Vervolgde Kerk.** Ons broers en susters in Christus het bemoediging nodig. Meeste van hulle het nie meer toegang tot ‘n Bybel nie. Help ons om Bybels in die hande van Christene in Afrika te plaas.*

**VIR DONASIES AAN CHRISTELIKE SENDING INTERNASIONAAL gebruik asseblief enige van die volgende Bankbesonderhede:**

**Nedbank**
Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)
Takkode: 192505 (Bedfordview)
Verw.: U Naam/Bybels

**Standard Bank**
Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)
Takkode: 018305 (Bedford Gardens)
Verw.: U Naam/Bybels

**ABSA Bank**
Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)
Takkode: 632005 (Bedford Centr
Verw.: U Naam/Bybels

# Returning to Tchabi

# Keer Terug na Tchabi



Meeste van Tchabi se inwoners begin terugkeer na die bergtopdorpie om hul lewens te herbou.

## Niemand in Tchabi het moeilikheid van Islamiete verwag nie.

"Ons het gedink dat ons hemel op aarde hier het," het 'n dokter gesê wat by Tchabi se hospitaal gewerk het. Die hospitaal, saam met 'n Christenskool, 'n kerk en 'n aanloopbaan, is alles deur sendelinge gebou wat in 1976 op die bergtop aangekom het.

Tchabi was oor die dekades 'n vreedsame oase in 'n onstabiele streek. Dit het relatief veilig gebly deur verskeie gewelddadige konflikte, insluitend 'n burgeroorlog wat regoor die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) in die 1990's geheers het.

Maar Tchabi se vrede is vroeg in 2019 verbreek toe militante van die *Allied Democratic Forces* (*ADF*), 'n gewelddadige Islamitiese groep, uit die oerwoud te voorskyn gekom het om plaaslike Christene aan te val en te ontvoer.

"Hulle het die eerste keer 40 mense geneem, insluitend vier dokters en twee personeellede," het Lau Babam, Tchabi se dorpshoof, gesê. "Hulle het twee maande in die bos deurgebring en toe is hulle vrygelaat." Maar sommige van diegene wat ontvoer is, het hy gesê, word steeds vermis.

Later in 2019 het die ADF weer aangeval, wat selfs meer dood en vernietiging veroorsaak het.

"Die tweede keer het hulle gekom met 'n visie om dinge te vernietig, om mense dood te maak, om dinge af te brand," het Babam gesê wat ten tyde van die aanval uitstedig was.

"Hulle het net alles vernietig," het hy gesê. Die militante het Babam se vrou en ses van sy kleinkinders vermoor, sy huis gevandaliseer en die doopkapel binne die dorpskerk vernietig.

'n Dokter wat die aanval oorleef het, het sommige van die laaste, moedige woorde van die skool se Christenhoof, aanskou. Die militante, onthou hy, het gesê: 'Ons wil jou hier weg hê omdat die Christene ons vyande is." Maar die skoolhoof was onaangeraak. "Hy het gesê sy geloof in Christus sal nooit verander nie," onthou die dokter. "Dit is hoekom hulle hom doodgemaak het."

Baie mense het ná die tweede aanval uit Tchabi gevlug, maar nie almal nie. En op die nag van 30 Mei 2021 het die ADF nog 'n verwoestende aanval geloods op diegene wat in die dorp aangebly het.

"Hulle het met kapmesse ingekom," het Babam gesê. "Sommige het gewere gehad, maar baie het net kapmesse gehad. Hulle sou iemand skiet of sny en daarna die persoon verbrand."

Sommige van die dorpenaars, insluitend 'n vrou, genaamd Gertrude, het in die donker gevlug. "Ons het geweerskote in die nag gehoor," het sy gesê. "Ons het nie geweet wie dit was nie, toe het ons in die bos ingehardloop."

Sy het later verneem dat baie van haar vriende vermoor is. "Ons goed is weggedra en die huise is verbrand," het sy gesê. Die ADF het 10 van Gertrude se familielede, insluitend haar ouers, vermoor. Daar is in totaal 182 mense is in en om Tchabi vermoor.

Die militante het ook gyselaars saam met hulle in die oerwoud in teruggeneem. Babam het gesê sowat

**▼ In 'n gewelddadige veldtog om 'n Islamitiese kalifaat in die streek te stig, het die ADF baie Kongolese ontvoer en vermoor asook hulle huise en kerke vernietig.**








▲ **In Augustus 2023 het Frontlinie-Werkers 'n besending Bybels in Tchabi afgelewer. Meer as 100 dorpenaars het daardie dag 'n Bybel ontvang, 'n welkome geskenk aan diegene wat byna al hul besittings, insluitend hul Bybels, in die aanval verloor het.**

30 mense word steeds vermis. Voordat hulle in die oerwoud verdwyn het, het die ADF-vegters Tchabi se kerkgebou ontheilig deur alles binne stukkend te slaan en die mure met ontlasting te bedek. Hulle het ook die skool vernietig, die hospitaal geplunder en baie huise en geboue afgebrand.

In die nasleep van die aanval het die Kongolese regering en die Verenigde Nasies (VN) soldate ontplooi om die dorpie te beskerm, maar dit het meestal onbewoon gebly vir die volgende twee jaar.

Toe die soldate die gebied voldoende beveilig het, het Tchabi se inwoners begin terugkeer. Sommige het tydelike skuilings op die primitiewe aanloopbaan opgerig, aangesien niks anders oorgebly het nie, behalwe die murasies van hul verbrande huise.

In Augustus 2023 het Frontlinie-Werkers 'n besending Bybels in Tchabi afgelewer en op die growwe aanloopbaan geland wat vir drie jaar nie gebruik is nie. Aan die een punt van die aanloopbaan was 'n groot kamp van VN-vredesmagte, terwyl daar aan die anderkant 'n massagraf was waar baie van die dorpenaars na die ADF-aanvalle begrawe is.

Nadat die vlieënier die haalbaarheid van landing met 'n 10-sitplek passasiersvliegtuig op die aanloopbaan verseker het, het hy 'n groep Frontlinie-Werkers en 'n vrag Bybels na die afgeleë dorpie vervoer. Vrywilligers wat gehelp het om die bokse met Bybels af te laai en te dra, het die kort stappie na Tchabi se kerk in 'n vreugdevolle parade verander.

Binne die kerk het 103 dorpenaars gewag wat twee dae se geestelike sorg ontvang het vir hartseer en emosionele wonde wat deur die dodelike aanvalle veroorsaak is. Almal wat teenwoordig was het familielede in die aanvalle verloor. En hulle het ook byna al hul materiële besittings, insluitende hul Bybels, verloor toe hulle uit Tchabi gevlug het.

Voordat hulle hul Bybels ontvang het, het sommige van die dorpenaars dit wat met hulle gebeur het in 'n kort toneelopvoering gedramatiseer wat hulle saamgestel het as deel van hulle genesingsproses. Toe die toneelopvoering begin het, het dorpenaars wat as die militante optree, teen die kerkmure begin hamer en in die gebou ingestorm en "stokgewere" rondgeswaai en "gyselaars" gegryp. Later het een van die akteurs teruggekeer met 'n rugsak vol velle papier, gemerk met woorde soos "trauma", "verlies" en "onversoenlikheid". 'n Ander akteur, wat Christus verteenwoordig, het toe die gewigtige woorde van haar rug af verwyder.

Benewens die dramatisering van die aanvalle, het die meeste oorlewendes prente oor hulle ervarings geteken. Een het 'n prentjie geteken van 'n pastor wat in 'n kerk vermoor word.

"Baie sukkel met die feit dat toe die aanval plaasgevind het, hulle eintlik met hul eie oë aanskou het hoe hulle ouers vermoor word, geslag word," het Hedeli, 'n Christelike berader wat na Tchabi gereis het om diegene wat deur die aanval getraumatiseer is, te bedien, gesê. "Maar hulle vind genesing tot hul hartswonde wanneer hulle werklik kan teken wat gebeur het," het sy gesê. "Kuns word gebruik om te help om genesing te bring namate hulle dit wat hulle ervaar het en hoe hulle dit ervaar het, kan uitbeeld."

Gertrude het 'n prentjie geteken van haar gesin wat vir hul lewe vlug. Sy het dae lank in die oerwoud gebly voordat sy toevlug in 'n buurland geneem het, maar daar het sy ook geen vrede gevind nie. "Daar was woede, daar was pyn en ons kon nie praat nie," het sy gesê. "Daar was slegte drome, geen eetlus nie. In ons drome sou ons net droom dat ons hardloop en oor mense wat vermoor, afgemaai, word."

## “Bid dat ons in staat sal wees om te vergewe en dat geloof sal kom, en dat ons nie bekommerd hoef te wees dat so iets weer sal gebeur nie.”

Gertrude was huiwerig om terug te keer na Tchabi. Sy het selfs gesê dat klein besluite moeilik was weens haar konstante vrees. “Dit was uitdagend net om my lewe te herbou,” het sy gesê. “Ek moet byvoorbeeld regtig borde koop. Maar as ek dit gaan koop, dink ek gedurig: ‘Ag, miskien gaan ek dit koop en dan sal die ADF kom.’”

Sy versoek gebed terwyl sy met die genesingsproses voortgaan. “Bid dat ons in staat sal wees om te vergewe en dat geloof sal kom, en dat ons nie bekommerd hoef te wees dat so iets weer sal gebeur nie,” het sy gesê.

Babam het gesê dat vergifnis ‘n groot uitwerking op sy geestelike genesing gehad het. “Dit het my hart geraak om te weet hoe om ons vyande te vergewe,” het hy gesê en teruggedink aan die lering wat hy van Hedeli se bediening ontvang het.

Nadat Babam sy nuwe Bybel ontvang het, het hy verskeie Bybels vir die soldate en polisiebeamptes wat Tchabi nou beskerm, gegee. Hy het gesê dat die aankoms van die vliegtuig, die nuwe Bybels en die berading wat hy ontvang het, vir hom hoop gegee het.

“Jou teenwoordigheid is baie bemoedigend,” het hy aan ‘n Frontlinie-Werker gesê en bygevoeg dat hy dankbaar was vir die omgee wat hy en ander dorpenaars van Tchabi deur die bediening ontvang het.

Nog ‘n oorlewende van die aanvalle het Babam se dankbaarheid met ‘n hoopvolle verklaring van God se goedheid, versterk: “Die Here het nie Sy volk vergeet nie,” het hy gesê. ■

▼ Gertrude en ander wat die aanval trotseer het, het onlangs hul ervarings in tekeninge of teatrale sketse uitgebeeld. Die aktiwiteite het hulle gehelp om hul trauma te verwerk en geestelike en emosionele herstel te bewerkstellig.






▲ Regeringsoldate bly in die noordoostelike DRK om teen Islamitiese aanvalle te waak.

## WIE IS DIE *“ALLIED DEMOCRATIC FORCES (ADF)”*?

Die ADF is in die laat 1990’s gestig as ‘n rebellegroep wat veg om die Ugandese regering omver te werp. Maar met verloop van tyd het die rebelle oor die grens beweeg na die noordoostelike Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) waar hulle in die digte oerwoude van Noord-Kivu- en Ituri-provinsies geskuil het.

In 2018 het die ADF sy getrouheid aan die selfgeproklameerde Islamitiese Staat (ISIS) beloof en sy doelwit om Christene uit te roei en ‘n Islamitiese wet in die streek te vestig, openlik verklaar. Sedert daardie tyd het ADF-militante gereeld uit hul oerwoud-skuilplekke te voorskyn gekom om Christene aan te val en dood te maak. Die Islamiete het oor die afgelope jare duisende Kongolese vermoor en ontvoer.

Alhoewel 90% van mense in die DRK as Christene identifiseer, beskou kerkleiers Islam as ‘n groeiende bedreiging. “As die kerk nie versterk word nie, sal Islam oral wees,” het ’n pastor, wat Kongolese sendelinge oplei en regoor die land uitstuur, gesê.

Benewens die ADF, wie se aanvalle teen Christene hoofsaaklik op die noordoostelike deel van die land gefokus is, is meer as 100 ander gewapende groepe in die DRK werksaam.

# VRYGELAAT uit Gevangenskap





# VERLOS van Vrees

Kimboti's se 6-jarige seun wil nie graag van haar afstand doen nie. Soms praat hy met haar oor wat gebeur het, maar ander kere begin hy net huil wanneer vrees hom oorweldig. Soos Kimboti, word hy geteister deur herinneringe aan die dag toe Islamiete sy gesin uit hul huis gedwing het.

"Hy het die slagting aanskou," sê Kimboti, wat saam met haar gesin in 'n kamp vir intern ontworteldes in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK), woon. "Vrees is voortdurend daar."

Op 'n somersmiddag in 2022, het militante van die *Allied Democratic Forces (ADF)*, 'n Islamitiese terreurgroep, hulle dorpie aangeval. Kimboti was by die huis met haar agt kinders terwyl haar man weg was en in die veld gewerk het. Toe die aanval begin het, het sy en haar kinders vir hul lewe gehardloop, maar hulle en 'n swanger buurvrou is gevang voordat hulle skuiling kon vind. Die militante het toe hul hande vasgebind en hulle in die oerwoud ingedwing.

"Ek het dadelik begin bid," het Kimboti gesê. "In my gebede het ek die vrede van God gevoel."

In die hoop om dieselfde vrede aan haar kinders oor te dra, het sy hardop saam met hulle gebid, selfs al het die terroriste geluister. Alhoewel sy geglo het hulle sou almal doodgemaak word, het sy geweet die dood beteken dat hulle by Jesus Christus sou wees.

Met hulle aankoms by 'n grashut, diep in die oerwoud, is die gevangenes van hul klere gestroop en tot die hut beperk, wat deur mans met gewere, stokke en kapmesse bewaak was. Hulle is vir die duur van hul gevangenskap van kos en water ontneem en Kimboti het geen manier gehad om te weet of haar man die aanval oorleef het nie.

Sy het gou bewus geword van 'n argument tussen die militante oor die lot van die gevangenes. Toe een man sy bedenkinge oor die moord op jong kinders en 'n swanger vrou



uitgespreek het, het die ander militante hom uitgeskel en voorgestel om hom eerder dood te maak.

Kimboti het vir haar ontvoerders gebid, en laat op die tweede dag van gevangenskap sien sy haar gebede is verhoor. Een aand, terwyl meeste van die militante een van die vyf daaglikse vereiste gebedstye van Islam bygewoon het, het 'n wag hulle kom vrylaat. Hy het vir hulle 'n pad gewys wat na die vlugtelingekamp sou lei en vir hulle gesê om te hardloop.

Kimboti glo dat terwyl sy gebid het, God haar ontvoerder se hart verander het. Sy weet dat die man se daad van genade ernstige gevolge vir hom tot gevolg kon gehad het. “Ek het net seëninge oor hom gebid en dat God oor sy lewe sal waak, waar hy ook al is,” het sy gesê.

Die bevryde gevangenes het ure lank gehardloop, met ouer kinders wat jonger broers en susters gedra het, verby die liggame van diegene wat deur die ADF vermoor is. Hulle het gehoor hoe die militante skree en hulle te voet deur die oerwoud agternasit. Kaal, uitgeput weens gebrek aan kos en water, met snye en skrape weens hul reis deur die bosse, het hulle uiteindelik die vlugtelingekamp binnegestrompel.

**▲ Kimboti en haar kinders woon in 'n tweekamer-skuiling in die DRK, binne 'n kamp vir intern ontworteldes. Sy teel met hase om te help om haar gesin te voed en om aan ander te verkoop vir inkomste.**

“Die oomblik toe ons die vlugtelingekamp bereik, het die dames ons met komberse verwelkom en vir ons klere gegee,” het Kimboti gesê. Kort daarna is sy met haar man herenig, wat tydens die aanval na die vlugtelingekamp gevlug het met die hoop om die res van sy familie te vind. “Ek het net ongelooflike vreugde ervaar,” het Kimboti teruggedink.

Die plaaslike kerkgemeenskap, met ondersteuning van die wêreldwye liggaam van Christus, het ontwortelde Christene in die kamp op praktiese en diepgaande maniere gehelp.



Kort nadat sy by die kamp aangekom het, is Kimboti deur die plaaslike kerk genooi om met agt Christene te ontmoet wat soortgelyke aanvalle oorleef het. Die groep het vir 'n paar dae bymekaargekom om saam te bid, na Bybelse lering te luister, hul ervarings te deel en te leer van geestelike en emosionele gesonde maniere waarop hulle hul vrees en verlies kan hanteer. Die eerste dag wat hulle ontmoet het, is deelnemers aangemoedig om hul verhale te deel.

"Ek het nie eintlik daardie dag gepraat nie," het Kimboti gesê. "Ek het net geluister. Om na ander mense se verhale te luister, het my gehelp." Nadat ek ander se verhale gehoor het, het sy gesê, kon ek sien hoe God hulle tydens hul gevangenskap beskerm en versorg het.

Dankbaar vir die geleentheid om ander te ontmoet wat haar lyding verstaan het en haar gehelp het om haar oë op God alleen te rig, moedig Kimboti nou ander oorlewendes aan om die soort sorg te soek wat sy in die kerk gevind het. "Oor daardie dae het my hart bedaar, my angs het afgeneem," het sy gesê. "Selfs na die eerste dag het God my begin deurhelp." Sy het gesê sy wil graag hê dat die kerk soortgelyke hulp kan voorsien aan kinders wat weens hul traumatiese ervarings met vrees sukkel.

"Die kerk was baie verwelkomend en ondersteunend," het Kimboti gesê. Sy het ook dankbaarheid betuig teenoor al die ander wat hulp verleen het aan die DRK se ontwortelde Christene. "Baie dankie," het sy gesê. "Ek loof die Here."

Die kinders het tans geen toegang tot onderwys en mediese hulp is beperk, maar

Kimboti droom van 'n dag wanneer haar gesin grond kan aanskaf en 'n huis kan bou. Intussen het sy besluit om 'n meer normale lewe vir haar gesin te bou deur met hase te teel wat sy kan gebruik om haar eie gesin te voed en aan ander gesinne te verkoop vir inkomste.

"Ek is baie dankbaar omdat God oor ons gewaak het," het sy gesê. "Sy liefde is aan ons bewys." ■

◀ **Ná haar ontvoering het Kimboti aan angs gely. Maar ontmoeting met ander Christene wat ook groot ontberinge trotseer het, het gehelp om vrede en 'n ewige perspektief te herstel.**

# GENADE *te midde van die As*



▲ **Divine het ses operasies verduur en vir maande, nadat sy erg in 'n aanval op haar kerk verbrand het, bedlêend gebly. Maar die oomblik toe sy liggaamskrag herwin, het sy begin om die hospitaal se daaglikse kapeldienste by te woon.**

Op die aand wat die rebelle Divine se dorpie in Junie 2022 aangeval het, het sy en haar ouers 'n gebedsbyeenkoms by hul dorpskerk in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) bygewoon.

Divine, vermoedelik nou 8 jaar oud, het 'n jaar voor dit saam met haar ouers na die dorpie aan die oewer van die Albertmeer verhuis; haar pa het as 'n visserman op die meer gewerk. As toegewyde Christene het die gesin spoedig aktiewe lidmate in hul plaaslike kerk geword, ten spyte van die voortdurende bedreiging van rebellevegters.

Tydens die biduur daardie aand in Junie, het die gemeente die rumoer gehoor van oproerlinge wat gewere afvuur en dorpenaars aankeer. Toe het die aanvallers begin om geboue regdeur die dorp aan die brand steek ... insluitend die kerk.

"Ek onthou dat daar brandstof gegooi is en die vlamme het nader gekom," het Divine later aan een van haar dokters gesê. Die oggend ná die aanval het 'n vrou die as van die kerk deursoek en die liggame van Divine se ouers ontdek. Toe –geskok om die oënskynlik lewelose liggaam van 'n erg verbrande jong meisie te sien – het die vrou Divine gevind, bewusteloos maar sy het steeds asemgehaal.

Sy het met die kind na die naaste mediese sorg gehaas. Omdat sy nie die meisie se naam geken het nie, het sy haar



▲ **Fisiese terapie is 'n gereelde deel van Divine se behandeling om haar vel te help genees.**

"*Divine Grace*" genoem omdat sy dit as 'n wonderwerk beskou het dat sy lewendig was. Nie een van die ander oorlewendes het geweet hoe om met Divine se uitgebreide familie kontak te maak nie en niemand het haar kom opeis nie.

Divine se brandwonde het van haar ken tot onder haar middellyf gestrek, wat 48% van haar liggaam bedek. Met beperkte mediese sorg wat in daardie deel van die DRK, een van die wêreld se armste lande, beskikbaar was, het kerkleiers na 'n gespesialiseerde dokter gesoek om haar brandwonde te versorg.

'n Christelike pediatriese chirurg, Dr. Justin Mandaboy, het sy dienste vrywillig aangebied. "Toe ek haar sien, weet ek nie, maar God het my geloof gegee om te vertrou," het hy gesê. "Ek het geweet daar was nie enige ander plek waar sy sou kon gehelp word nie."

Nadat hy by 'n brandeenheid in Kanada geïnterneer het, het hy gesê dat kinders met 50% brandwonde oor hul liggame, gewoonlik nie oorleef nie. Hy het aan kerkleiers gesê dat Divine verskeie operasies sou moes kry en dat die genesingsproses jare sou neem.

Maar haar geestelike familie het haar nie in die steek gelaat nie. En toe gebiedskerkleiers vrywilligers gesoek het om vir Divine te sorg, het 'n ma van twee na vore getree om te help. "Ek het genade gevoel," sê Lina. "Ek het deernis in my gees gevoel om te kom help. Ek het net gevoel dit is soos 'n kind van my en ek sal haar genadig wees. Ek sou wou hê dat iemand op dieselfde manier vir my kinders moet sorg."

Terwyl sy die verlies van haar ouers, ses operasies en ontelbare ure se pynlike wondsorg en fisiese terapie verduur het, het Divine krag in die Here gevind. Tydens haar hospitalisasie het sy kapeldienste bygewoon om elke oggend te bid. En elke dag wat sy kon, het sy





**“Daardie selfde gees van vreugde en vrede het regdeur die proses behoue gebly.”**

aanbiddingsliedere gesing.

“Van die tyd dat ek Divine ontmoet het, het sy vreugde en vrede gehad,” het Lina gesê, wat regdeur haar hospitalisasie by Divine gebly het en haar sedertdien versorg het. “Dit het nie verander nie. Daardie selfde gees van vreugde en vrede het regdeur die proses behoue gebly.”

Divine het ‘n soortgelyke indruk op haar dokter gemaak. “Sy het ‘n innerlike krag; dit is hoe ons dit uitdruk,” het Dr. Mandaboy gesê. “Ek het baie geloof vir haar in die toekoms en haar lewe.”

Die dokter het gesê Divine sal voortaan vereiste prosedures moet ondergaan om haar littekenweefsel los te maak. Maar hy het gesê die blydskap, moed en fondasie in Christus wat sy van haar ouers ontvang het, het haar deur alles gedra wat sy tot dusver trotseer het.

“Sy is ‘n baie positiewe dogtertjie,” het hy gesê. “Dit is nogal maklik om haar te behandel, want sy is moedig en sy het baie krag.”

Alhoewel Divine vrolik gehuppel en gesing het na ‘n onlangse ondersoek, weet Dr. Mandaboy dat haar innerlike wonde nog genesing nodig het. Dit wil voorkom asof sy nie besonderhede van haar lewe voor die vuur onthou nie, selfs haar voornaam. Maar haar houding, het hy gesê, gee haar ‘n gunstige langtermyn prognose.

“Die gesin was in Jesus,” het dr. Mandaboy gesê. “As gevolg van haar ouderdom en wat sy uit die Bybel gesê het, in die oggend gaan bid het, dit is iemand wat dissipelskap in die huis ontvang het.” ■

◀ **Divine se dokters gee vir haar wiskunde- en leesopdragte om aan te werk totdat sy sterk genoeg is om terug te keer skool toe.**


Christelike Sending Internasionaal | The Voice of the Martyrs | Die Stem van die Martelare

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Kantoor Tel: 010 777 0114 (8vm-1nm) | Kantoor Sel: **076-022-3336** (8vm-5nm)
E-pos: **cmi@vomsa.org of bianca@vomsa.org** | Webtuiste: **www.persecutionsa.org** |
Facebook@cmivomsa | Instagram@cmi - vomsa



**Direkteure: Mnr A.B. Illman (Uitvoerend); Pastor R. Marsh; Mnr R. Keir; Pastor J. Tucker; Mnr D. Kirton; Mnr C. Hutchinson**

**© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.**

# Gebedsdagboek Oktober/November 2024

| | | | |
|---|---|---|---|
| | **OKTOBER 2024** | | |
| S | 13 | SIRIË | Bid dat Christene nie moed sal verloor te midde van die burgeroorlog wat hulle lewens vir meer as twee dekades ontwrig het nie. |
| M | 14 | ALGERIË | Bid dat Bybels wat deur staatsamptenare gekonfiskeer word, tienvoudig vervang sal word! |
| D | 15 | TURKMENISTAN | Bid dat gevange pastors en hulle families die vreugde van hulle redding te midde van lyding sal ervaar. |
| W | 16 | OESBEKISTAN | Bid vir die beskerming en sorg van Christenvroue wat weens mishandeling en verwerping van ongelowige mans ly. |
| D | 17 | ETIOPIË | Bid vir Christenweduwees wie se mans weens hulle getroue getuienisse vermoor is. |
| V | 18 | KAMEROEN | Bid vir krag vir Frontlinie-Werkers wat aan diegene bedien wat deur Islamitiese aanvalle geraak is. |
| S | 19 | JORDANIË | Bid dat Christene wat werk weens hulle geloof verloor het, op God se voorsiening sal vertrou. |
| S | 20 | TANZANIË | Vra die Here om die werk van sendelinge onder afgeleë stamvolke te seën. |
| M | 21 | COMORE | Bid vir Frontlinie-Werkers wat Comoraanse Christene voorberei om die Evangelie te verkondig. |
| D | 22 | VIËTNAM | Bid vir Christene wat mediese sorg en opvoedkundige geleenthede geweier word omdat hulle Christus volg. |
| W | 23 | SRI LANKA | Sri Lanka het 'n wrede burgeroorlog beleef. Bid dat die eenheid van Christelike Gelowiges 'n stralende getuienis sal wees. |
| D | 24 | MALEISIË | Bid dat permitte goedgekeur sal word vir nuwe kerkgeboue waar Christene openlik byeen kan kom. |
| V | 25 | SAOEDI-ARABIË | Bid dat diegene wat belangstel om van Christus te leer, nie deur vrees afgeskrik sal word nie. |
| S | 26 | MALI | Bid dat Islamitiese ekstremiste hulle tot die Here sal bekeer nadat hulle gesien het hoe Sy liefde deur die liggaam van Christus gedemonstreer word. |
| S | 27 | KIRGISIË | Bid dat plaaslike kerke goed toegerus sal wees om diegene te bedien wat werke verloor het en hulle tot trekarbeid gewend het. |
| M | 28 | SOEDAN | Bid dat Christenbekeerlinge uit Islam die Evangelie met hulle families sal deel sonder vrees van verwerping. |
| D | 29 | BHOETAN | Baie Bhoetanese kerke hou in die geheim byeenkomste. Bid dat hulle maniere sal vind om sout en lig in hulle gemeenskappe te wees. |
| W | 30 | TADJIKISTAN | Loof God vir Frontlinie-Werkers wat met vrymoedigheid die Evangelie aan Moslems verkondig. Bid vir ewige vrugte. |
| D | 31 | COLOMBIË | Bid vir Andres wat 'n begeerte het om "die Evangelie na moeilike gebiede te neem waar niemand anders wil gaan nie." |
| | **NOVEMBER 2024** | | |
| V | 1 | NIGER | Bid dat Christene wat in landelike gebiede woon, toegang tot Bybels sal verkry. |
| S | 2 | INDONESIË | Bid dat Gabriel en Noni, die enigste Christene in hulle dorpies, voort sal gaan om vas te staan in hulle geloof. |
| S | 3 | ERITREA | Bid vir Christene wat uit die tronk vrygelaat is, aangesien baie deur die regering op die swartlys geplaas is. |
| M | 4 | JEMEN | Bid dat Christene wat van proselitisme en godslastering beskuldig word nadat hulle Islam verlaat het, met vrede vervul sal word. |
| D | 5 | KUBA | Bid dat Christenleiers op die Heilige Gees sal vertrou wanneer hulle vir ondervraging ingeroep word. |
| W | 6 | PAKISTAN | Bid dat lasterwette, wat gebruik is om Christene te vervolg, herroep sal word. |
| D | 7 | UGANDA | Bid dat verspreiders van oudio- en gedrukte Bybels Christene in gebiede met 'n sterk Mosleminvloed, sal bereik. |
| V | 8 | SUIDELIKE MEXICO | Bid dat God se Woord in elke inheemse taal beskikbaar sal wees. |
| S | 9 | NOORD-KOREA | Bid vir die sukses van Bybelsmokkelary-pogings in Noord-Korea. |
| S | 10 | INDIË | Bid vir Sukbait wat af en toe die mans sien wat haar man vermoor het. |
| M | 11 | TURKYE | Vra God vir 'n deurbraak wat daartoe sal lei dat baie Turke na Christus sal draai. |
| D | 12 | NIGERIË | Bid vir Pastor Mutum wat verskeie dreigemente weens sy Christelike getuienis ontvang het. |
| W | 13 | BROENEI | Bybels in die Maleise taal is onwettig en word gekonfiskeer as dit gevind word. Bid dat Christene toegang tot Bybels sal hê. |
| D | 14 | LIBIË | Sommige Christene is waarskynlik in die tronk weens hulle geloof. Bid dat hulle God se teenwoordigheid en vertroosting sal ervaar. |
| V | 15 | FILIPPYNE | Loof God dat gegradueerdes van Bybelskole op Mindanao met vrymoedigheid na hulle gemeenskappe teruggekeer het om die Evangelie te verkondig. |
| S | 16 | MAROKKO | Bid dat ondergrondse kerkgenootskappe onopgemerk sal bly deur regeringsowerhede. |